# MONNIE GONS

Uitgawe 2 van 2024 | Tydperk: 25 - 31 Januarie




Uit die Kultuur kantoor

# INLIGTING

## KULTUURERKENNING

Ons wil graag aan al ons leerders wat aan kultuur deelneem erkenning gee in die Monnie Gons asook in die saal. Stuur gerus alle uitslae, met 'n foto aangeheg, na bemarker@monnies.co.za

Sertifikate, medaljes en trofees wat in die saal uitgedeel kan word, kan geneem word na:
Juniors - Juf Adri van Niekerk (B6)
Seniors - Juf Lize in (D9 - rekenaarsentrum)

Alle sertifikate en medaljes moet asseblief in 'n plastiek lêersakkie geplaas word met die kind se naam, van, graad en duidelike uiteensetting van die prestasie.

## DRAMA

Leerders wat nie aan 'n dramaskool behoort nie maar tog graag aan 'n kunswedstryd wil deelneem is welkom om Juffrou Andri te kontak by avanderwesthuizen@monnies.co.za. Ons wil graag ons leerders aanmoedig om hul selfvertroue uit te brei en dalk 'n versteekte talent te ontdek.

Sweef Dramaskool bied Drama en kommmunikasie klasse aan by Laerskool Monumentpark, daar is 'n inskrywing op d6 beskikbaar.

## REDENAARS

Redenaars skep die geleentheid vir leerders om te leer om met respek en inligting te redeneer. Hierdie is 'n vaardigheid waarby leerders hul lewe lank baat. Indien u kind betrokke wil raak by ons redenaars kontak gerus vir Juf Rionet by rduplessis@monnies.co.za

'n Redenaars kursus vir die aanbied van toesprake word op Maandag, 29 Januarie 2024 aangebied (Die kursus vir die skryf van 'n toespraak is vir eers gekanseleer). Indien u belangstel om die kursus by te woon, voltooi asb die skakel. Verdere inligting sal volg sodra getalle bevestig word.
https://docs.google.com/forms/d/164F5TFEl-n7MoGjAUucgkO9lV1OOdW5Qjs64S3h2_kQ/edit

## JUNIORKOOR

Ons is baie opgewonde vir die jaar en die geleentheid vir elke koor maatjie om hulle talent te ontwikkel. Ons begin reeds Maandag, 21 Januarie met ons eerste oefening. Die graad 1 maats sal by hulle klasse afgehaal word en na die saal geneem word. Na afloop van die oefening gaan naskool maatjies na die naskool en hekmaatjies kan 13:45 by die sporthek afgehaal word.

## SENIORKOOR

Hier is die skakel na die Seniorkoor WhatsApp groep vir 2024:
https://chat.whatsapp.com/GkOBidqoXqJAz5XlwWBK9F

Die Seniorkoor vertrek môre op hul kamp, die brief met finale reëlings is op d6 beskikbaar. Leerders moet die vrywaringsvorm inhandig by klas E19 en ouers moet seker maak die busskakel is voltooi:
https://forms.gle/N1jBZvX8LbjmLNN26

## TOASTMASTERS

Toastmastersclub in samewerking met Laerskool Monumentpark het 'n splinternuwe kursus uitgewerk spesifiek vir ons Monnies. Die fokus is op verskeie soorte toesprake insluitend debat. Die kursus word aangebied vir gr 6 en 7 leerders. Hou d6 dop vir inskrywingsvorms.

# BELANGRIKE DATUMS EN OEFENTYE

### BELANGRIKE DATUMS VIR KWARTAAL 1

| Juniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae (begin 22 Januarie) | 12:45 - 13:45 |
| Vrydae | 12:45 - 13:45 |

| Juniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 16 en 17 Februarie | Koorkamp | Skoolsaal |
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |

| Seniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae (begin 22 Januarie) | 14:30 - 16:30 |

| Seniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 26 en 27 Januarie | Koorkamp | Wag 'n Bietjie |
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |

Musieksentrum
MONUMENTPARK

**Musieklesse begin Maandag 22 Januarie 2024.** Musieklesse het aan die begin van die week afgeskop. Leerders wat nog wil inskakel, is baie welkom!




**Ontmoet ons nuwe Musieksentrum onderwysers:**

Marilize Diedericks: viool en fransehoring

Adelheid Jeske: klavier, klawerbord en teorie

Angelique Mulder: klavier, klawerbord en teorie



**Marilize Diedericks**

Marilize is 'n professionele musikant met 'n passie vir klassieke musiek. Sy tree gereeld op in verskeie orkeste en is die dirigent en stigter van die Gauteng Studente Orkes.

Haar doelwit vir haar studente is om hulle te leer om met selfvertroue te kan optree, beide as soliste en as orkesspelers. Sy wil graag kinders leer hoe om by die huis te oefen, hoe om eksamens te benader en hoe om optredes voluit te kan geniet.



**Adelheid Jeske**

Na haar B.Mus (Uitvoerend) studies aan die Konserwatorium van Stellenbosch as konsertpianiste, orreliste en musiekopvoeder, was Adelheid onder andere in Windhoek, Namibia as musiekdosent en onderwyseres doenig.

As klavieronderwyseres sou dit vir haar eenvoudig wonderlik wees, as haar bydrae d.m.v klavieronderrig daartoe kan lei dat die leerlinge aan die einde van 'n jaar kan sê: **"Dit was lekker en verrykend!"**

Met bostaande wens hoop sy om saam met die hulp en ondersteuning van die ouers, daarin sal slaag dat MUSIEKBEOEFENING na een van die kosbaarste bestanddele van ons samelewing sal groei.



**Angelique Mulder**

Musiek is al van kleins af deel van Angelique se lewe. Sy speel al vir 15 jaar klavier en klawerbord en is tans besig met haar MMus (Jazz Klavier) by Wits Universiteit. Sy het in 2018 begin klavier, klawerbord, ensemble en musiek teorie lesse gee. Haar doelwit is om 'n lewenslange liefde vir musiek te kweek by haar studente en om elke les die hoogtepunt van hulle week te maak.

Angelique is ook aktief in die musiekindustrie en tree saam verskeie groepe op. Sy doen gereeld solo optredes en begelei verskeie soloiste. Angelique is gemaklik in verskeie genres, insluitend jazz, pop, kontemporêr en klassiek.

Musieksentrum
MONUMENTPARK

**Demo week 5-9 Februarie 2024:**



Leerlinge wat graag musiek wil neem, maar nie seker is watter instrument om te kies nie, is welkom om 'n gratis demonstrasie les by te woon gedurende die week van 5-9 Februarie 2024. Demonstrasie lesse vind slegs per afspraak plaas. Ouers moet asseblief die volgende skakel voltooi om 'n afspraak te maak:

https://forms.gle/Sw7aHDS1wedUB1uJ8

**Belangrike datums:**

Trinity praktiese eksamens (Junie): Inskrywings sluit 6 Maart

Unisa sessie 1 (Mei/Junie): Inskrywings sluit 8 Maart

Pretoria Eisteddfod sessie 1 (Mei/Junie): Inskrywings sluit 12 April

Algemene Navrae :
Alrika Klopper • 083 454 9970

Rekening Navrae :
Alrika Klopper • 083 454 9970